SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA

SARLNUUS SONDAG 30 NOVEMBER 2003

U luister na amateurradiostasie ZS6SRL van die Suid-Afrikaanse Radioliga, die nasionale vereniging vir amateurradio in Suid-Afrika, met 'n nuusbulletin wat elke Sondag om 08:15 Sentraal Afrika Tyd (SAT) in Afrikaans en om 08:30 SAT in Engels uitgesaai word.

Hierdie bulletin is ook op die webwerf van die SARL by www.sarl.org.za en op pakketbulletinborde beskikbaar.

STIL SLEUTEL

Dit is met leedwese dat ons moet aankondig dat Pinder Farre, ZS1AJ, voorheen ZS6AJ, op Woensdag 26 November oorlede is. 'n Gedenkdiens is op 28 November in die Panorama aftreeoord in Kaapstad gehou.

Ons innige meegevoel aan sy familie en vriende.

(POUSE).

In die nuus vandag:

VERKIESING VAN NUWE RAAD

INDIENING VAN MOSIES VIR DIE AJV

SARL-IARUFONDS GROEI STEEDS

ROY NEAL K6DUE, IRS GEDENKGELEENTHEID BEPLAN DEUR ARISS-SPAN.

INLIGTING WORD BENODIG TEN OPSIGTE46TH JOTA.en 7DE (JOTI)

VOORSTELLE VIR VERANDERINGS AAN DIE RAE

NUUT OP DIE SARL-WEBBLAD

Bly ingeskakel vir meer besonderhede hieroor en ander nuusitems.

Besoek ook die SARL se webblad of skakel die SARL-kantoor wat vanaf 09:00 tot 13:00 op weeksdae oop is by telefoon 011 675-2393 vir inligting oor hoe om by die SARL aan te sluit, boekverkope en alle verwante amateurradio-aangeleenthede.

Die SARLnuusdiens nooi klubs en individue om nuus aangaande amateurradio op die webwerf van die SARL te plaas by www.sarl.org.za/newsinbox.asp nie later nie as die Donderdag wat die bulletin voorafgaan. Indien moontlik doen dit asb in Afrikaans sowel as Engels.

U luister na ZS6SRL.

Die nuus volg in besonderhede.

VERKIESING VAN NUWE RAAD

Daar is twee weke gelede berig dat alle raadslede ingestem het om na volgende jaar se AJV te bedank ten einde geleentheid te bied vir die verkiesing van 'n volle nuwe raad. Ons is verheug om aan te kondig dat daardie klubs wat hulle lede aangemoedig het om nie hulle lidmaatskap van die SARL te hernu nie, in die lig van die aankondiging van die Raad die saak heroorweeg het en het hulle lede aangeraai om onmiddelik weer by die SARL aan te sluit.

Die Raad verwelkom hierdie lede terug by die Liga en het ingestem om die finale datum vir lidmaatskaphernuwings vir hierdie jaar uit te stel tot 31 Desember. Dit beteken dat lede wat hulle subskripsies teruggehou het maar wat dit voor die einde van die jaar betaal se lidmaatskap van die Liga as aaneenlopend beskou sal word en hulle mag dus stem.

Alle Raadslede hoop dat hierdie saak as afgehandel beskou kan word en dat ons kan voortgaan om tesame 'n sterk en verenigde Liga te bou wat effektief die belange van alle amateurs sal verteenwordig.

INDIENING VAN MOSIES VIR DIE AJV

Weens die ongewone situasie wat teweeggebring is deur die vertraagde hernuwings uit die Kaap is daar Woensdagaand op 'n Raadsvergadering besluit dat die datum vir die indiening van mosies vir die AJV dieselfde moet wees as dié vir die nominasies vir raadslede

Die datum vir die indiening van mosies word dus verander van 16 Desember tot 5 Januarie 2004 soos vir die nominasies.

SARL-IARUFONDS GROEI STEEDS

Die SARL_IARU-fonds groei steeds. Onlangse donasies wat ontvang is sluit R500 van die Pretoria Amateurradioklub en R100 van die Potchefstroomse Amateurradioklub sowel as enkele donasies van indiwiduele radioamateurs in.

Die fonds is nou in sy tweede fase nl. die insameling van fondse vir 2004 lidmaatskap van die IARU.

Donateurs word versoek om besonderhede van hul donasies te pos aan saardt@intekom.co.za of te faks aan 012 991 5651. Die bankstaat reflekteer dikwels nie die donateur se naam nie. Sertifikate word voorberei maar kan dikwels nie voltooi word nie omdat besonderhede ontbreek. Die eerste groep sertifikate is onlangs gepos. Sonder naam- en adresbesonderhede is dit onmootlik om 'n sertifikaat van waardering te stuur.

Die Trust bedank diegene wat bygedra het tot die SARL-IARU-fonds en moedig die wat nog nie 'n bydrae gemaak het nie om die belangrikheid van die SARL en die lidmaatskap Suid-Afrika aan die Internasionale liggaam te oorweeg. Donasies kan gepos word aan Die S.A. AmateurRadio Ontwikkelingstrust, Posbus 90438, GARSFONTEIN 0042 of kan direk inbetaal word in die rekening by ABSA Menlyn, rekening nr. 560 142 722, takkode 335 645. U ondersteuning word baie waardeer.

Dit word verwag dat die IARU die SARL gedurende die komende week amptelik terug sal verwelkom.

ROY NEAL K6DUE, IRS GEDENKGELEENTHEID BEPLAN DEUR ARISS-SPAN.

Bekende NBC nuuskorrespondent Roy Neal, K6DUE (stil sleutel) het 'n visie gehad om amateurradio 'n permanente instelling op bemande ruimtevlugte te maak.

SA AMSAT berig dat op 28 November, 1983, die eerste stap geneem is om Roy se visie te verwesenlik toe die eerste amateurradiostasie op STS-9, Pendeltuig Columbia, die ruimte ingestuur is. 'n Paar dae later het ruimteman Owen Garriot, W5LFL die eerste bemanningslid geword om vanuit die ruimte te praat.

15 jaar gelede, in Oktober 1988, het die Russiese amateurradiospan, gelei deur Sergej Samburov, RV3DR en Larry Agabekov, UA6HZ/N2WW, die eerste amateurstasie op MIR opgestel en bedryf. Op 12 November 1988 by die AMSAT-NA simposium in Washington DC, het Leo Labutin, UA3CR (SS), amateurradiobedryf begin deur met kosmonoot Musa Manarov, U2MIR, aan boord van die Mir, kontak te maak. Kort hierna het amateurs dwarsoor die wêreld met ruimtevaarders deur middel van die MIR-amateurradiostasie gesels.

Die eerste amateurradiokommunikasie vanaf IRS het hierdie maand 3 jaar gelede begin. Op 13 November 2000 kon Sergei Krikalev, U5MIR, en Bill Shepherd, KD5GSL, gehoor word waar hulle vanuit die MIR-stasie met amateurspanne by die Energia-amateurradiostasie, R3K, in Rusland en die Goddard IRS-grondstasie, NN1SS, in die VSA gesels. Roy se visie is bewaarheid met die ontplooiing en eerste werking van 'n permanente amateurradiostasie op IRS.

Om Roy Neal se visie en toewyding aan die ontwikkeling van amateur-ruimtekommunikasie te herdenk, sal die ARISS internasionale span 'n spesiale geleentheidsstasie met die IRS-bemanning borg. Daar is versoek dat die IRS-ekspedisiebemanning met aardgebaseerde stasies gedurende die naweek van 29 tot 30 November kommunikeer. Diegene wat met IRS per stem of pakket gedurende die naweek of gedurende Desember 2003 kontak maak sal geregtig wees om 'n spesiale herdenkingsertifikaat te ontvang.

Onthou asseblief die ARISS-frekwensies: Stem en Pakket af-koppeling: 145,800 (wêreldwyd); Stem op-koppeling 145,200 vir Streek 1 (Europa, Sentraal-Asië en Afrika); Pakket Op-koppeling: 145,990 (Wêreldwyd).

Hou asseblief alle kontakte kort aangesien daar andere is wat ook die spesiale geleentheidstasie wil werk.

INLIGTING WORD BENODIG TEN OPSIGTE VAN 46STE JOTA.en 7DE (JOTI) {18DE - 19DE OKTOBER 2003}

Dave Gemmell, ZS6AAW, die Nasionale JOTA Ko-ordineerder rig 'n dringende versoek vir inligting vir die SA Nasionale Verslag wat aan Wêreld Verkenner

HK. gestuur moet word.

Sal alle radioamateurs wat die verkenners en/of dogter-gidse gehelp het om 'n radiostasie op te stel vir hierdie jaar se geleentheid asseblief 'n kort verslag oor die aktiwiteite wat plaasgevind het, indien. Dit hoef nie lank te wees nie en kan met die hand geskryf word.

Sluit asseblief, in:- 1) 'n Kort lys van die aktiwiteite wat plaasgevind het. 2) 'n Lys van die interesantste kontakte. 3) 'n Foto of twee. 4) Die gebruik van ander modusse soos, ECHOLINK en IRLP. 5) Enige van u eie opmerkings, wat u belangrik gevind het.

Dave stel belang om die effek te bepaal van rekenaar en rekenaargebaseerde stelsels (ECHOLINK), op amateurradio, veral in terme van die Dogtergidse en Verkenners. Op die oomblik lyk dit of radio en sy saamgaande antennas, ens. van meer belang vir die jeugbewegings is as wat enige ander stelsels aanbied.

Ons moet onthou dat 'n radio nog steeds met die minimum hoeveelheid komponente of koste gebou kan word.

U kan verlede jaar se JOTA Wêreldverslag van die webwerwe www.scout.org/jota en www.scout.org/joti kry.

Dave se kontakbesonderhede is:- Posbus 77, Irene, 0062 of landlyn 012 667 2153 of e-pos davegemmell@bmknet.co.za.

VOORSTELLE VIR VERANDERINGS AAN DIE RAE

Die Raad het toegestem dat die volgende voorstelle rakende die RAE-sillabus aan OKOSA voorgelê word: 1. Die gebruik van 'n vraebank waaraan die publiek vrye toegang het, uitgefaseer word. Dit sal verhoed dat kandidate die eksamen deurkom deur bloot die antwoorde van al die vrae te memoriseer. 2. 'n Addisionele module wat digitale elektronika dek by die klas A RAE gevoeg sal word. Dit sal inligting insluit aangaande basiese digitale elektronika, mikroprosesseerders, digitale modusse en digitale seinprosessering. Hiermee word die rol van digitale elektronika en digitale seinprosessering in amateurradio erken asook die groeiende gewildheid van die digitale modusse. 3. Die elektronikakomponent sal verwyder word uit die klas B RAE wat geslaag moet word om 'n ZU-lisensie te bekom. Hierdie sillabus sal konsentreer op kennis wat nodig is om 'n kommersiële send-ontvanger veilig, korrek en binne die wet te gebruik sonder om steurings te veroorsaak. 4. Kandidate wat die Klas B RAE geslaag het en na Klas A wil opgradeer, hoef nie weer die vraestel oor regulasies en bedryfsprosedures te skryf nie, aangesien hierdie vraestel dieselfde vir beide klasse is.

Die Raad glo dat die vereenvoudiging van die klas B sillabus en die vervanging van die Morsekodevereiste vir 'n ZU-lisensie deur 'n praktiese bedryfstoets die ideale weg vir ons is om 'n eenvoudige toegangsvlaklisensie vir nuwe amateurs, soortgelyk aan die baie suksesvolle "Foundation License" in Britanje, daar te stel. Die ZU-lisensie sal toegang tot segmente van die 160, 80, 40, 10 en 2 meter en 70 cm bande hê met 'n maksimum kraguitset van 20 Watt.

Ons sien hierdie as 'n gulde geleentheid om die aantal nuwelinge by ons stokperdjie te vermeerder en hoop dat baie van hulle sal vorder na ZR- en ZS-lisensies.

Verdere inligting is beskikbaar in 'n gedetailleerde verslag getitel "Review of the Radio Amateur Examination Syllabus in South Africa" wat van die SARL se webwerf afgelaai kan word.

NUUT OP DIE SARL-WEBBLAD

Al ooit gewonder hoe die persoon aan die anderkant van die mikrofoon lyk? Die SARL-roepseinboek laat jou nou toe om 'n foto by jou roepseinboekinskrywing by te voeg sodat persone met wie jy gesels het kan sien met wie hulle gepraat het.

Tans kan slegs lede fotos opsit, maar lede kan vir enigeen die werkie verrig. So, as jy 'n lid ken kry hom om jou foto vir jou te plaas, of, beter nog, sluit aan by die SARL en geniet al die ander aanlynaanbiedinge waartoe lede toegang het.

Fotos moet in JPG-formaat wees en nie groter as 40 kb. nie. Fotos vertoon op hul beste as hulle fisiese grootte 400x300 piksels is.

FOUTIEWE REKENINGS DEUR OKOSA UITGESTUUR

Ongelukkig het OKOSA foutiewe rekenings uitgestuur aan al die kandidate wat die Oktober RAE geslaag het. Die rekenings neem nie die betalings wat reeds aan OKOSA gemaak is in ag nie. Indien u een van hierdie rekenings ontvang het, ignoreer dit asb.

Betaling is ten behoewe van al die kandidate deur die SARL aan OKOSA gemaak en die saak is op dringende grondslag met OKOSA opgeneem.

DATUMS OM TE ONTHOU

Laaste dag vir indiening van mosies vir die AJV sowel as nominasies vir Raadslede is nou 5 Januarie 2004. Finale datum vir die hernuwing van lidmaatskap van die SARL is 31 Desember.

U word uitgenooi om vandag by die President se net aan te sluit wat weer om 12:00 op die lug sal wees. Neem asb. die geleentheid te baat om jou vrae direk aan Graham Hartlett en ander raadslede te stel. Die net sal van 7 082, 10 125, en 14 282 kHz gebruik maak en sal ook op baie lokale herhalers regoor die land herlei word.

Die SARL nooi u ook om Sondae om 10:00 na Amateur Radio Mirror International op 17 815, 9 750 en 7 082 kHz en 145,625 MHz in die Oos Londen-, 145,650 in die Durban-, 145,750 MHz in die Pretoria- en 438,800 MHz in die Sandtongebied te luister. 'n Heruitsending kan Maandagaande om 21:00 SAT op 3 215 kHz gehoor word. ARMI word deur Telkom en Sentech geborg.

Dit bring ons dan aan die einde van hierdie bulletin wat saamgestel is deur Gustav, ZS6BWN, en gelees deur ……. vanuit …… as 'n diens aan radioamateurs, kortgolfluisteraars en elektronikaentoesiaste.

U het geluister na ZS6SRL en baie dankie dat u by ons aangesluit het. Dankie ook aan diegene wat items vir die bulletins verskaf en aan al die amateurs wat so gereëld die herleidings waarneem.

Hierdie Afrikaanse uitsending eindig nou en SARLNUUS wens u 'n aangename week toe.

Totsiens almal.

/EX